9.
Dawid – digter en sanger

Vooraf

Ons het reeds gesien dat Dawid, die man wat later koning geword het, naby aan die Here geleef het en dat die Here hom die krag gegee het om 'n baie goeie soldaat te wees. As jong seun het hy die reus Goliat doodgemaak en daarna in baie ander oorloë sukses behaal. Maar Dawid was ook baie musikaal. Die Bybelboek, Psalms, bevat 'n versameling van sy mooiste liedere en gedigte.

Vertel, vertel!

Dawid was van jongs af baie lief vir musiek. Miskien het hy reeds as 'n klein seuntjie die liedere wat hy by die huis geleer het, loop en sing. Later, toe hy sy pa se vee in die veld moes oppas, het hy die tyd gebruik om gedigte en liedere te skryf. Dawid het later vir sy musiek bekend geword en Saul se diensknegte het selfs vir hom kom vertel van die jong seun wat so mooi op die lier kan speel. Dawid het gesing as hy bly of kwaad, hartseer, bang of selfs skaam was. Vir Dawid was sy musiek en gedigte 'n manier om met God en oor God te praat. *(Wag 'n oomblik.)*

Party van Dawid se psalms is vrolik. Dan wou Dawid vir almal vertel hoe wonderlik God vir hom gesorg het en hoe God hom gehelp het wanneer hy probleme gehad het. Dawid het sulke tye sommer van vreugde gedans. Ander kere het Dawid met God geworstel. Hy kon nie verstaan hoekom hy vir sy vyande moes vlug en hoekom hy so swaar gekry het as hy niks verkeerd gedoen het nie. Dan wou Dawid seker huil. Maar nadat hy vir God van sy probleme vertel het, het Dawid beter gevoel. Selfs wanneer sy omstandighede nie verander het nie, het hy geweet dat God na hom luister en hom

kon help. Dit het Dawid rustiger laat voel, selfs wanneer hy regtig groot probleme gehad het. *(Wag 'n oomblik.)*

Dawid het ook psalms of liedere geskryf om sy sondes te bely. Die verkeerde dinge wat Dawid gedoen het, het hom baie gepla. Hy het goed geweet dat sy sonde God baie ongelukkig gemaak het en hy was skaam daaroor. Dan het Dawid by God gesmeek om hom te vergewe en te help om nie meer verkeerde dinge toe doen nie.

Een van Dawid se bekendste psalms is sekerlik Psalm 23. Dit is 'n pragtige psalm wat vertel hoe God vir sy kinders sorg. Dawid het 'n beeld gebruik wat hy baie goed geken het – die beeld van 'n skaapwagter wat sy skape oppas. Dawid het vir baie jare sy pa se skape opgepas en het daarom presies geweet wat die skape nodig gehad het. Hy het daarvoor gesorg dat hulle bedags lekker groen gras kry om te eet en wanneer hulle dors was, het hy hulle na die water geneem sodat hulle kon water drink. Dawid het ook die skape teen wilde diere beskerm en snags na die kraal geneem waar hulle veilig was. Hy het elke skaap in hulle trop geken en presies geweet hoeveel daar was.

So, verduidelik Dawid in Psalm 23, sorg God vir sy kinders. God is net so betrokke by ons lewens soos wat 'n goeie skaapwagter by sy skape betrokke is. Hy pas sy kinders op. Soos skape naby hulle skaapwagter, of herder, bly, moet ons naby God, ons goeie Herder, bly. God weet presies wat ons nodig het en kan ons help, selfs wanneer ons in groot gevaar verkeer. Ons hoef nie eers vir die dood bang te wees nie, want God sal sy kinders veilig hemel toe neem. God wil ons bederf soos 'n gasheer sy gaste by 'n groot en heerlike partytjie onthaal. En dit sal nie sommer net vir 'n dag of twee wees nie, God se sorg is vir ewig en altyd.

Hierdie psalm van Dawid herinner mense wat swaarkry of bekommerd is vandag nog aan God se wonderlike en ewige sorg. En dit herinner ons aan Jesus Christus, die Seun van God, wat ons

Kom ons dink saam

1. Hoekom het Dawid soveel gedigte en liedere geskryf?
2. Hoekom is hierdie psalms vandag nog vir ons so belangrik?
3. Musiek is 'n wonderlike manier om God te aanbid en Hom te ervaar. Wat help jou om God te ervaar? Verkies jy stilte, of die geloofsgemeenskap met ander Christene? Ervaar jy God wanneer jy in die natuur stap of wanneer jy iemand kan help? Kan jy aan ander voorbeelde dink?
4. Ervaar ons almal God se teenwoordigheid op dieselfde manier? Wat beteken dit vir ons?
5. Laat iemand Psalm 23 voorlees. Watter prentjies sien jy in jou gedagtes as jy hierna luister?
6. In watter "donker dieptes" het jy al God se teenwoordigheid ervaar?
7. Watter troos bied hierdie psalm vir iemand wat bang is vir die dood?

Ontdek en leer:

- ✓ Lees Psalm 8, Psalm 16, Psalm 23, Psalm 27, Psalm 51 en Psalm 139 om te sien hoe Dawid God hierdeur aanbid het.
- ✓ Gebruik hierdie week een van hierdie Psalms om jou eie gebed vir die Here te sê of selfs te skryf.
- ✓ Leer en onthou: *"Die Here is my Herder, ek kom niks kort nie."* Psalm 23 vers 1
- ✓ Bid elke dag: *"Dankie Here, dat ook ek van U troue sorg kan getuig."*

Goeie Herder kom word het. Die Goeie Herder het sy lewe vir ons kom gee; Hy sorg vir ons, Hy lei ons.

Wanneer jy weer voel dat jy nie die regte woorde het om met God te praat nie, kan jy gerus deur die boek Psalms gaan blaai en een van die psalms se woorde as jou eie gebed bid. Of bid 'n psalm vir iemand wat swaarkry. Hierdie pragtige liedere, gebede en gedigte het al baie Christene versterk en vertroos.

Vertel weer

Laat die kinders twee-twee vir mekaar vertel wat hulle van Dawid se psalms geleer het. Het enige van hulle 'n gunsteling psalm?